| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 ½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | **AFDELING A**: | Opstel | (50) |
   | **AFDELING B**: | Lang transaksionele teks | (30) |
   | **AFDELING C**: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit elke afdeling.

3. Begin **ELKE** afdeling op ŉ **NUWE** bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ breinkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. **ALLE** beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

6. Nommer die skryfstukke volgens die numeringstelsel soos dit op die vraestel genommer is.

7. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke **FINALE** skryfstuk neer.

8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** bo-aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

9. Beplan jou tyd só:

   | | |
   |---|---|
   | **AFDELING A**: | ongeveer 80 minute |
   | **AFDELING B**: | ongeveer 40 minute |
   | **AFDELING C**: | ongeveer 30 minute |

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.

    **LET WEL**: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar. Gebruik slegs ŉ **BLOU** pen.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies bo-aan jou skryfstuk.

1.1 **Waarheid** [50]

1.2 **Hou altyd aan om te droom!** [50]

1.3 **Die lewe is ’n avontuur …** [50]


1.4 **As ek maar liewer nee gesê het …** [50]

1.5 **Wie nie waag nie, sal nie wen nie!** [50]

1.6 Kies een van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet ’n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




*[Bron: https://diepos.co.za/144917/brief-die-oppe-en-affe-van-die-lewe]* [50]

1.6.2



*[Bron: https://af.eferrit.com/dinge-wat-jy-nooit-geken-het-nie-kan-jou-selfoon-doen]* [50]

1.6.3



*[Bron: shutterstock.com]* [50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Die geweld in skole neem daagliks toe.

Skryf ’n BRIEF AAN DIE PLAASLIKE KOERANT waarin jy jou bekommernis uitspreek. [30]

2.2 **TOESPRAAK**

Boelie-gedrag is ’n groot probleem in julle skool. Jy moet namens die verteenwoordigende leerlingraad met die leerlinge daaroor gesels om dit te probeer stop.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK wat jy gaan lewer neer. [30]

2.3 **RESENSIE**

Skryf ’n RESENSIE oor jou gunstelingfliek. [30]

2.4 **HULDEBLYK**

Jou pa/ma verjaar en julle hou ’n partytjie om die verjaardag te vier. Die familie het jou gevra om ’n huldeblyk by die partytjie te lewer.

Skryf ’n HULDEBLYK vir hom/haar. [30]

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

# AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy wil graag sakgeld verdien en het besluit om motors te was teen betaling.

Ontwerp ʼn PLAKKAAT om jou dienste te adverteer. [20]

**OF**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Die einde van jou skoolloopbaan het aangebreek. Jy skryf môre jou laaste vraestel.

Skryf TWEE inskrywings in jou dagboek:

- ❖ Die aand VOOR jou laaste vraestel
- ❖ Die dag NA jou laaste eksamenvraestel.

Skryf hierdie DAGBOEKINSKRYWINGS neer. [20]

**OF**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou jonger broer/suster gaan volgende jaar hoërskool toe. Hy/sy vra vir jou wat om te doen om altyd netjies te lyk by die skool. Gee vir jou broer/suster instruksies om te volg om sy/haar klere netjies te stryk.

Skryf SEWE INSTRUKSIES puntsgewys in volsinne neer. [20]

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**